

7 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:1-11
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:3

Die Heilige Gees woon en werk in en onder ons!

Ons is al meermale beskryf as 'n kerk sonder die Heilige Gees. Ons spreek inderdaad nie in tale nie en ons jaag nie die buitengewone gawes van die Gees na waaroor Paulus hier handel nie. Tog durf niemand sê dat ons nie die Gees het nie, want ons besit die gewone, voortdurende en blywende gawes van die Gees: wedergeboorte, geloof en geloofsvolharding; bekering, regverdigmaking en heiligmaking. Die Skrif verseker ons: "... en niemand kan sê 'Jesus is die Here' nie, behalwe deur die Heilige Gees."

Ons glo ook nie dat die Heilige Gees weer en weer uitgestort kan of moet word nie, maar wel dat Hy elke gelowige meer en meer moet vervul. Hy is immers eens en vir altyd op Pinkster uitgestort om altyd in die kerk te bly om elke gelowige te vervul. Op die wyse van die Gees woon die lewende en opgestane Here Jesus in ons en onder ons tot met sy wederkoms. Tot dan gee Hy gawes aan individuele gelowiges met die oog op wat Hy meen "nuttig" vir die opbou van die kerk is, dit is wat tot geloofsopbou kan dien. Die uitdeel van hierdie gawes is die uitsluitlike taak van die Heilige Gees – Hy gee dit, of Hy gee dit nie.

Sing: Psalm 94:10, 12

Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)